## *Week 3: Asemhaling van die siel (Gebed)*

***21 – 27 April***

1. Mens tot mens: Aanstaande Saterdag vier ons Vryheidsdag, 'n herdenking van 1994 se verkiesing. Vanjaar is weer 'n verkiesingsjaar. Waarvoor kan ons die Here dank vir wat Hy in ons land doen? Waaroor is ons bekommerd as ons aan Suid Afrika en sy politiek dink? Watter effek sal gebed hê as ons saam hieroor bid?

___

___

2. Mens tot God. Wat beteken dit vir jou om juis nou in hierdie oomblik deel te wees van Suid Afrika? Hoe sien jy jouself en jou plek in die land as deel van God se roeping waar Hy jou en jou gawes wil gebruik om 'n verskil te maak? Dank die Here daarvoor dat Hý in beheer is van ons land en nie 'n politieke party nie. Loof God vir sy sorg!

___

___

___

Lees **Ps 18:2 & 3** hardop vir mekaar.

Ek het U baie lief, Here, my Sterkte.
Die Here is my rots, my skuilplek en my redder, my God, my rots, by wie ek skuil, my skild en sterk verlosser, my veilige vesting.

3. God tot mens: Bid nou dat die Here die Woord sal oopmaak en dat Hy helder met elkeen sal praat, nie net deur die Skrif nie, maar ook deur die mense rondom ons wat saam luister na sy stem.

___

___

___

4. Lees Neh 1:1 – 11. Wat het vir elkeen spesiaal uitgestaan in die deel wat ons gelees het?

___

___

___

5.1 Augustinus het gesê: *"Gebed is die asemhaling van die siel."* Wat leer ons by Nehemia oor gebed?

___

___

___

5.2 Probeer om die gebed te ontleed. Wat doen Nehemia alles in sy gebed?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

5.3 Wat kan ons uit hierdie gebed aflei oor Nehemia se verhouding met die Here? Waarom sou jy dink, het Nehemia ’n besondere belewenis van God gehad toe Hy so gebid het?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

5.4 Wat sou jy nou anders wil doen romdom jou eie gebede en hoe gereëld jy bid?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

5.5 Is daar ’n manier waarop ons ander mense, die lidmate van 4 Ankers of dalk die gemeente in sy aksies kan beïnvloed om meer te bid?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

6. Waarvoor sal ons bid?

6.1 vir die gemeente? ______________________________________________

______________________________________________

6.2 vir die wêreld/gemeenskap? ______________________________________________

______________________________________________

6.3 vir mekaar? ______________________________________________

______________________________________________

7. Wat gaan ons nou doen?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________